

4 Augustus

1 Johannes 4:7-21 (Teks: Romeine 8: 38b, 39)

Waarvan kan ek seker wees in my uitverkiesing?

"...geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

Presies waarvan is Paulus hier so onwrikbaar seker?

Daaroor het hy geen twyfel nie.

Hy is seker van die liefde van God in Christus Jesus.

Niks in die skepping kan hom van dié liefde skei nie.

Maar waarin bestaan dié liefde van God?

Johannes sê: Die liefde van God bestaan nie daarin dat ek na God gaan in Christus nie, maar, en dit is heerlike evangelie, dat God na my toe gekom het in Christus (1 Joh. 4:10).

"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..."(Joh. 3:16).

In Christus het Hy dus aan my die ewige lewe gegee.

Paulus sê dit mooi in Rom. 6:23: "...die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."

Dit is dus die liefde van God, dat God sê: Ek gee die ewige lewe in Christus aan jou as 'n genadegawe, ondanks jou sonde!

En dit is dan ook waarvan Paulus so seker is.

Hoe nodig het ons die sekerheid nie in 'n tyd waarvan ons feitlik van alles onseker is!

Onseker van ons aardse geluk, ons gesondheid, ons toekoms.

Is dit nie bemoedigend nie dat jy as Christen, midde in al hierdie onsekerheid mag sê: Maar van één ding is ek seker: dat niks my sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus nie.

Al verloor ek alles in die lewe... sonder God en sy genadegawe aan my in Christus, die ewige lewe, sal ek nooit wees nie!

Sing Skrifberyming 10:3 en 4

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)